NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 ***Die Koggelaar*** (Pieter Fourie)

LW: **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Gee **eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Pieter Fourie se drama Die Koggelaar [onderstreep in handgeskrewe teks] (1988) ...*
- **Formuleer betoog**, bv. ... *kan Boet Cronjé wel as 'n slagoffer beskou word, maar hy is verseker nie die enigste een wat ly nie en hy is juis self die oorsaak van die ondergang van sy plaas en die lyding van sy diere en familie. Hoewel sy toekoms aanvanklik uiters belowend lyk, word hy ernstig geknou deur die droogte en die dood van sy seun. Omdat hy God as vennoot sien (en nie as hoër gesag nie) en omdat hy homself nie kan versoen met die gedagte dat Anker sy halfbroer is nie, voel hy dat hy en hy alleen gekoggel word en verloor daardeur alle perspektief. Sy besluit om familie- en selfmoord te pleeg is uiteindelik 'n finale uitspeel van sy selfsug aangesien hy selfs hierin wil God speel.*
- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

Paragrawe:
- Verskillende argumente word hier betoog wat die onderwerp (wat in die inleiding aan bod gebring is) ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama.
- Die betogende styl van die kandidaat moet deurgaans duidelik wees.

Moontlike argumente wat **ter betoog** aangevoer kan word:

- *Boet word vanuit die staanspoor geteken as die ideale Afrikanerboer wat as eersgeborene die plaas erf en 'n vooruitstrewende toekoms as gemeenskapsleier en patriarg in sy familie tegemoetgaan – soos dit ook van hom verwag word.*
- *Daar is reeds vroeg in die drama aanduidings dat Boet homself as verhewe bo gewone sterflinge sien. Hierdie hubris beteken dat sy val soveel groter is. Hy sien God as sy vennoot – sy gelyke – waardeur daar 'n ongemaklike verhouding aan die gehoor voorgestel word. Hy trou met Anna voor sy mondig is en dit teen die sin van haar ouers (wat hy as 'n soort oorwinning sien). As student toon hy uitermate rassisme – soos veral in die kroegtoneel uitgebeeld – en bekragtig hierdeur sy vermeende meerderwaardigheid bo ander mense.*
- *As ander sukkel onder die voortslepende droogte, klou hy vas aan sy geloof. Wanneer sy buurman, Daan, by hom kom treur oor sy benarde situasie op die plaas, hou hy homself voor as iemand wat nooit in God sal twyfel nie – profetiese woorde. Hy bly dan aanvanklik ook vol moed dat hulle 'n wateraar sal raakboor as dinge begin moeilik gaan.*
- *Na die dood van Klein-Ben en wanneer dit blyk dat Anna nie weer sal swanger raak nie, begin hy egter glo dat alles en almal teen hom draai. Hy voel of hy deur almal gekoggel word:*

- *God koggel hom aangesien hy nie uitkoms stuur in die vorm van reën of 'n nuwe erfgenaam nie. Anna koggel hom aangesien sy sinspeel daarop dat die probleem van onvrugbaarheid moontlik by hom kan lê. As sy met haar swartgekleurde trourok by die kerk instap, voel Boet diep verneder. Na sy dood koggel Klein-Ben hom snags om nie die wateraar oop te boor nie. Anker koggel hom deurdat hy en Ben hulle halfbroerskap van hom weggesteek het (ironies genoeg reeds in Boet se naam vervat).*
- *Maar Boet koggel ook terug deur Klein-Ben se wens te vervul en daardeur die land en sy diere te laat ly. Hy laat Anna in die son sit om haar vrugbaar te bak. Hy kollekteer selfs vir God 'n bril om Hom te laat sien waar dit moet reën.*
- *Uiteindelik blyk dit dat Boet se trots en gewaande meerderwaardigheidskompleks juis tot sy ondergang lei. Omdat hy glo dat dit as't ware sy geboortereg is om sy heersersposisie in die samelewing, op sy plaas en in sy huwelik en selfs in sy vennootskap met God uit te leef, besef hy nie die lyding wat hy op alles en almal wat hy liefhet besorg nie. Hierdie grootheidswaan kulmineer dan in die familiemoord en selfmoord. Boet besluit steeds – tot die dood toe.*

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.
  Die stelling word finaal **bewys of afgekeur**, bv.
  Daar bestaan geen twyfel nie dat Boet Cronjé onder die droogte, die dood van Klein-Ben en a.g.v. sy geloofsvertwyfeling ly. Daarom is hy verseker 'n slagoffer van sy omstandighede. Hierdeur skep die drama juis deernis vir hierdie karakter aangesien sy lyding nie geïgnoreer kan word nie. Daar is egter maniere om die lyding van sy familie, die diere en die grond te verlig, maar deur sy selfsug en hardvogtigheid kies hy om eerder familie- en selfmoord te pleeg as 'n toekoms waarbinne sy mag as patriarg meer regverdig verdeel kan word. Boet maak hierdeur almal slagoffers van sy gewaande trots.

[30]

VRAAG 2 ***Die Verevrou*** (Jan van Tonder)

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 2

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman <u>Die Verevrou</u> [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*

Formuleer onderwerp: *... word die tema van geweld – veral teenoor vroue – op vele maniere uitgebeeld. Die roman ondersoek maniere waarop andersheid deur die gemeenskap (en veral deur mans) onderdruk word en hoe dit dikwels op 'n gewelddadige manier gedoen word. Geweld word veral gebruik as wraak en om karakters hardhandig te "dissiplineer" en mag te demonstreer. Hieronder ressorteer onluste en oorlogsgeweld ook. Hierdie opstel sal verwys na vier insidente* [die nasienriglyne verwys na vele meer] *waar geweld gebruik word om veral Liora en Candice se soeke na selfverwesenliking te ondermyn en in sommige gevalle hulle stemme geheel en al stil te maak.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

IEB Copyright © 2022

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word: (hier word erkenning gegee aan die vele voorbeelde en argumente wat oortuigend aangevoer kan word, maar weens lengtebeperkings nie in hierdie dokument vervat kan word nie).

- *Liora se pa, Emilio, haal sy frustrasie en jaloesie op sy vrou, Charlotte, en Moshe se verhouding uit op Struzzo, die volstruis wat Moshe vir Liora vir haar verjaarsdag gebring het, en sy kuikens as hy hulle doodskiet. Tante Alessa skiet hierna die beseerde wyfie dood en sê vir Emilio: "Jy sal nooit kan heelmaak wat jy vandag hier gebreek het nie." Liora se hart is stukkend. Later erken sy teenoor Emilio dat sy gewens het dat Alessa Emilio doodgeskiet het toe hy Struzzo geskiet het.*
- *Liora se niggie, Isabelle, word (waarskynlik deur die FLN – die weerstandsbeweging in Algerië) wreedaardig vermoor nadat sy alleen in die woestyn ingery het. Die moontlikheid ontstaan dat dit in weerwraak is op die intieme kameelrit wat Liora en Eugenio tydens 'n vorige besoek gehad het en Emilio beëindig (volgens Liora) hulle verhouding as straf vir Isabelle se dood omdat hy glo dat Liora indirek hiervoor verantwoordelik was.*
- *Emilio se roekelose bestuur (weereens a.g.v. sy jaloesie) lei tot die motorfietsongeluk waarin Liora ernstige beserings opdoen – o.m. dat haar hare nooit weer op die brandplekke sal groei nie.*
- *Onluste en oorlogsgeweld word in vele tonele beskryf, veral terwyl Liora as verpleegster in die hospitaal in Algiers werk, bv. in die gedaante van die Franse soldaat, Chrestien, wie se tong uitgesny en geslagsdele afgesny is. Liora sien dag en nag na hom om en vertel hom van die lewe op Finisterre om sy aandag af te lei. Liora raak net so afhanklik van haar pasiënt en sy besef sy is nie so stukkend soos wat sy gedink het nie.*
- *Intussen neem die geweld in die land toe en Liora besef sy sal nie kan aanbly nie. Die jaagtog tot by die skip wat haar uiteindelik laat ontsnap uit Algerië beskryf die een gewelddadige toneel na die ander. Dit beskryf ook 'n man wat vir haar nes Moshe lyk en wat twee kinders probeer red. Die seun word in sy arms geskiet en noodlottig gewond.*
- *Moshe vertel in Parys aan Liora van sy pa wat Auschwitz toe gestuur is en daarom neem hy ook aan die Moslem-optogte deel. Die polisie slaan hom gedurende een van hierdie optogte en hy verloor sy bewussyn.*
- *Nadat Liora jare later in Suid-Afrika opdaag, word die geweld in die SA samelewing met die klank van die mortierontploffings van die weermagbasis in Oudtshoorn by haar tuisgebring. Sy glo haar ma sal nooit kom kuier nie, want al wat sy van SA weet is traangas, halssnoermoorde en rubberkoeëls en dit herinner haar te veel aan wat in Algerië gebeur het.*
- *Candice se eerste persoonlike ervaring van geweld is dié van haar pa, Lokman, se dood wanneer hy na 'n gestryery met haar ma, Ymie, deur 'n trekker omgery word. Hulle het gestry oor Candice en Walter se verhouding en Ymie wou hê dat Lokman haar moet dwing om die verhouding te beëindig.*
- *Haar volgende ervaring van geweld is wanneer Walter se pa, Arnoldus Malan, die beeld van die swanger Candice verwoes. Hy dreig vir Walter dat hy hom sal onterf as hulle nie die verhouding verbreek nie, maar dat Candice met hom (Arnoldus) kan kom praat oor 'n aborsie – nog 'n vorm van geweld. Later het sy 'n miskraam en sy begrawe die embrio van haar ongebore baba in die hoek van die kombuis van die huisie oorkant die rivier waar sy later jare intrek.*

IEB Copyright © 2022

- *Dan is daar ook die gesinsgeweld aan die hand van Sylvester teenoor sy vrou, Clarissa, en ook teenoor sy seun, Richard. Laasgenoemde beswyk aan sy wonde in die hospitaal nadat sy pa hom beetgekry het.*

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit rondom of die tema van geweld 'n suksesvolle bydra lewer tot die groter romanopset.

Voorbeeld gevolgtrekking:
Dit is duidelik dat Die Verevrou *geweld in vele tonele uitbeeld. Hierbo is slegs verwys na (enkele) tonele waarin eksterne geweld (soms uiters grafies) beskryf word en sensitiewe lesers mag dalk geskok hierop reageer. Nietemin word geweld nooit verromantiseer nie. Dit teken telkens gebroke karakters wat uit jaloesie, wraak of magsvertoon reageer. In hierdie verhaal is dit byna deurgaans aan die hand van manlike karakters wat vroue en veral kinders hardhandig gedissiplineer word. Dit het nooit positiewe gevolge nie. Vanuit hierdie leser se perspektief beklemtoon hierdie uitbeeldings dus die ongelooflike deursettingsvermoë van mense deurdat hulle, ten spyte van fisiese en veral emosionele geweld en wreedaardigheid, telkens weer kan opstaan en 'n nuwe dag in die oë kyk. Vir Liora word dit uiteindelik te veel (sonder Moshe en haar ma sukkel sy om sin te maak van haar lewe), maar vir Candice laat die teks die moontlikheid oop dat as sy haar volwaardige plek in die gemeenskap inneem – in De Rust en Blomnek – sy tog 'n rol kan speel in die skep van 'n wêreld wat die wonde van geweld kan laat gesond word.*

[30]

VRAAG 3 ***Die Verevrou*** (Jan van Tonder)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman <u>Die Verevrou</u> [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*

Formuleer onderwerp: ...*skep die parallelle vertelling van twee vroue se uiteenlopende lewensverhale spanning vir die leser. Hoewel Liora Papalato en Candice Amat onder baie verskillende omstandighede grootword, is daar genoeg aanknopingspunte in hulle grootwordjare dat die leser van meet af aan die ontmoeting tussen die twee vroue verwag en die verhaallyne se vervlegtheid en uiteindelike ontknoping 'n boeiende leeservaring daarstel. Die derdepersoonsverteller fokaliseer afwisselend op Liora en Candice en omdat dit 'n storie van volwassewording is, word albei vroue se kinderjare en jongmeisiejare belig in 'n achronologiese vertelling wat bydra tot die kompleksiteit van die spanningslyn.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

IEB Copyright © 2022

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- *Die roman beslaan 73 hoofstukke en 'n Nawoord. Die een storielyn is Liora Papalato se storie in Algerië, Frankryk en Suid-Afrika en andersyds is daar Candice Amat se storie in Suid-Afrika, Engeland en Frankryk. Hierdie twee vertellings kom bymekaar as Liora en Candice mekaar op De Rust ontmoet waar Candice op haar stelte deur die venster van die bus vir Liora kyk en albei besef dat hulle die taal van vere verstaan. Die vertellings word nie lukraak verweef nie, maar sistematies en doelgerig.*
- *Liora is ongeveer 24 jaar ouer as Candice en haar geskiedenis strek dus verder terug as Candice s'n. Baie van die hoofstukke word genommer, maar daar word ook 'n tyd en 'n plek aan hoofstukke toegeken sodat lesers hulleself kan oriënteer. Die vertellings word verweef tussen 1992 en 1994 wat die "hede" aandui, en die verlede waarin fragmente van Liora en Candice se vorige geskiedenis vertel word. Die struktuur beklemtoon dat Liora en Candice se huidige situasie 'n lang geskiedenis het waar elkeen se agtergrond en kultuur 'n bepalende rol gespeel het.*
- *Beide Liora en Candice word as enkelkinders groot en ervaar trauma a.g.v. hulle pa's. Liora se pa is grotendeels afwesig en sy word deur haar ma, Charlotte, en haar tante Alessa grootgemaak. Liora se pa is jaloers en nydig en nadat haar pa 'n ongeluk maak (nadat hy haar en Eugenio se verhouding verbreek het), verbrand deel van haar kopvel en sy moet 'n pruik dra vir die res van haar lewe. Candice se pa is ook dikwels van die huis af weg, maar hulle het 'n hegte verhouding wat haar soveel te meer knou as hy noodlottig deur 'n trekker raakgery word nadat hy en haar ma gestry het oor haar verhouding met Walter Malan.*
- *Beide vroue se eerste liefdesverhoudings is taboe. Liora het verlief geraak op haar neef, Eugenio, en Candice en Walter se verhouding is oor die kleurgrens.*
- *Candice en Liora het reeds van vroeg af 'n verhouding met vere. Liora word groot op 'n plaas waar haar tante 'n pluimbereider is en Candice se pa werk as assistent op verskeie volstruisplase. Liora maak vere aan haar swaai vas en Candice tel veertjies langs die pad op en maak engelagtige figuurtjies daaruit. Later word Liora self 'n pluimbereider en Candice verkoop verewaaiers as sy terug is uit Europa (waar sy onder meer 'n model was en uiteraard Frans leer praat het).*
- *Beide vroue probeer reeds vroeg in hulle lewens die harde werklikheid ontvlug. Liora se swaai en Candice se stelte versimboliseer hierdie ontvlugting waardeur hulle die aarde op 'n afstand kan hou. Ook geografiese ontvlugting is nodig vir al twee vroue: Liora vlug uit Algiers en Candice vlug uit Suid-Afrika – interessant genoeg eindig beide in Frankryk. Hier word Liora (as "swartvoet") as buitestander beskou terwyl Candice (jare later) eksoties is omdat sy nie wit is nie.*
- *Liora en Candice se latere liefdesverhoudings loop almal dood (a.g.v. verskeie redes). Liora en Odette se verhouding bly eensydig en onstabiel en Chrestien bly as (ontmande) soldaat agter in Algerië. Candice raak saam met Walter swanger en sy pa dring daarop aan dat sy 'n aborsie moet kry. Na haar miskraam, vlug sy oorsee. Vader Jaco Nissen raak op haar verlief, maar a.g.v. sy priesterskap is hierdie verhouding ook gedoem.*
- *Uiteraard ervaar al twee vroue reeds van vroeg af uitermate eensaamheid. Liora as enigste kind op 'n verafgeleë plaas (Finisterre – "einde van die aarde") en Candice as "anderster" kind wat nie soos al die ander meisies net wil man vang en kinders kry nie.*
- *Beide is ambisieus en as vrouens uitstygers in hulle gemeenskap en ook in hierdie tyd. Liora wil dokter word, maar die Algerynse oorlog maak dit onmoontlik en Candice wil ook graag gaan studeer, maar finansieel is dit bykans onmoontlik en haar swangerskap ry ook hierdie planne in die wiele.*
- *Beide twyfel in hulself. Liora bly glo dat sy nie ’n volmaakte vrou is nie. Haar pa baklei gedurig met haar ma en Liora besef dat dit gaan oor haar onvolmaakte liggaam. Sy beleef haar pa se misnoeë oor haar liggaam. Candice bly glo dat sy as kleurling nie kan uitstyg nie. Haar ma kry dit reg om haar onseker te laat voel hieroor, al probeer haar pa geld spaar vir haar studies en vir haar sê dat sy moet uitstyg*.

IEB Copyright © 2022

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit rondom of hulle vriendskap hul lewens verryk het en of dit juis gelei het tot die tragiese dood van Liora.

Voorbeeld gevolgtrekking:
In hierdie roman oor twee vroue se tragiese grootwordjare is die vriendskap van hierdie twee vroue eiesoortig. Die twee vroue se omstandighede mag dalk hemelsbreed van mekaar verskil het, maar eintlik het hulle soveel in gemeen dat lesers weet hulle mekaar móés vind. Hoewel Liora se liefde vir Candice uiteindelik onbeantwoord bly, vind hulle mekaar tog as leermeester en leerjonge. As Liora uiteindelik besluit om haar eie lewe te neem, is dit om 'n einde te bring aan haar pyn en eensaamheid. Sy trek Charlotte se jas aan en neem Candice se veertjie en die waaier met Struzzo se pluime en word volkome verevrou. Candice kan egter haar regmatige plek in 'n bevooroordeelde en ongelyke samelewing inneem – danksy Liora as leermeester en haar vriendskap. Die nielineêre vertel situasie vertel hulle geskiedenisse naas mekaar, maar uiteindelik so vervleg dat die twee verevroue mekaar nodig gehad het om op hulle eie maniere te leer vlieg.

[30]

VRAAG 4 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman* Die Dag van die Lord [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*

Formuleer onderwerp: *is Andries Fourie 'n tienjarige seun van 'n dominee op kommando gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902). Later jare is hy 'n regstudent in Duitsland op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog en later in Engeland wanneer die oorlog uitbreek. Die lyding gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog word eerstehands voor, gedurende en na die konsentrasiekampe ervaar, terwyl hy (so glo hy) aandadig is aan die oorsaak van die lyding en dood van andere – selfs vriende en voornemende familie – gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Geweld, maak nie saak aan wie se kant jy staan nie, bring lyding en verlies en* Die Dag van die Lord *ondersoek die respons van die verontregte individu op, sowel as die aandadigheid van nasies aan, wreedheid, vernedering, onmenslike ontbering en verlies.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:
- *Die uitbeelding van geweld gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog is van kardinale belang in hierdie roman. Die roman maak gebruik van 'n derdepersoonsverteller wat*

meestal fokaliseer deur Andries Fourie en karteer die wedervaringe van 'n intelligente, sensitiewe jong seuntjie wie se pa as ongewapende *dominee saam met die Boerekrygers op kommando teen die Engelse veg. Sy gesin vlug van Bethel as gevolg van die Verskroeideaardebeleid en hy kyk toe hoe die dorpshuise een vir een leeg gedra en afgebrand word. Uiteindelik ook die kerk en die pastorie. Voor hulle veiligheid kan bereik, word hulle gevange geneem en sy kleinboetie, Servasie, word noodlottig gewond. Hierna word hulle in 'n koletrok na die Standerton-konsentrasiekamp geneem waar eers sy sussie en later sy ma beswyk aan onbepaalde siektes (moontlik disenterie, longontsteking en/of tering) wat deur die haglike omstandighede in die kampe veroorsaak word. Deurentyd word die kampkommandant, Mr. Bloomfield, en die ander Engelse soldate voorgestel as hardvogtig en selfs onmenslik. Hierdeur word die leser emosioneel diep betrek by die intieme detail van die geweld en lyding in die kampe. Aangesien die gebeure vertel word by monde van so 'n jong (en soms naïewe verteller) word die leser se verbeelding getap om die omvang van die lyding te moet invul. Hierdeur word diep empatie met Andries Fourie se toekomstige besluite en aksies geskep.*

- *As jong student (en met die aanvang van die roman) ontmoet ons Andries die eerste keer wanneer hy 'n spioen genaamd Fritz Duquesne in Heidelberg, Duitsland, ontmoet. Hulle gaan 'n ooreenkoms aan dat hulle die lyding in die konsentrasiekampe gaan wreek op die man wat verantwoordelik was daarvoor: Lord Kitchener.*
- *Andries raak algaande dieper betrokke by die komplot en skuif na Londen waar hy in 'n beter posisie sou wees om hulle planne tot uitvoering te bring. Intussen dreig die Eerste Wêreldoorlog om enige dag uit te breek. Andries sluit aan by die Britse magte en begin werk as possensor in die kantore by Whitehall. Hy bewimpel (saam met Duquesne) om 'n fiktiewe plot teen Kitchener te besweer en hy kom hierdeur al hoe nader aan sy teiken.*
- *Intussen raak Andries verlief op 'n Skotse meisie, Jennifer Cameron, wie se pa (sou dit later blyk) ook vir Kitchener (wat intussen tot minister van oorlog bevorder is) werk. Meer nog, Kolonel Adam Cameron het ook gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog vir die Britse magte geveg.*
- *Bo en behalwe die besoek aan Trafalgar Square waar Andries en Jenny die aankondiging van die uitbreek van die oorlog aanhoor, word die verloop van die Eerste Wêreldoorlog nouliks in die roman beskryf. Die konflik wat Andries ervaar, lê nie in die politiese oorsake, veldslae wat gewen of verloor word of die morele oortuigings wat die onderskeie kampe sou motiveer nie (hoewel Duquesne dalk anders hieroor sou voel). Andries het egter net een doel voor oë en dit is om Lord Kitchener te laat boet vir dit wat twaalf jaar gelede met hom en sy gesin en nasie gebeur het.*
- *Iewers in die eerste nag van hulle verblyf in die Standerton-konsentrasiekamp het tante Marie gevra: "Sou dit sonde wees om van harte te verlang om eenmaal ook Engeland se vroue en kinders so te sien ly?" Andries se antwoord was dat dit nie sonde sou wees nie. Maar nou is hy op 'n ander manier verbonde aan die Engelse wat hy vir soveel jare met soveel bitterheid gehaat het en dit blyk dat die vroue en kinders in Engeland min geweet het van die ware toedrag van sake in die konsentrasiekampe. Selfs Kolonel Cameron het 'n naïewe (selfs positiewe) herinnering hieraan.*
- *Die ouer Andries word in twee geskeur deur sy gedeelde alliansies met sy verlede – die oorlog in SA en die dood van sy hele gesin, teenoor sy toekoms saam met een van die onderdane van dieselfde Britse Koninkryk wat verantwoordelik was vir daardie onmenslike lyding.*
- *As Andries (aan die hand van die poppemeester Duquesne) uiteindelik sy wraakplan tot uitvoering kan bring, word sy verhouding met Jenny (en hul ongebore kind) in gedrang gebring. Haar pa is op die skip (of so glo hy aanvanklik) en van sy eie vriende en bondgenote sterf op die boot wat Kitchener se ondergang teweegbring. Hierdie daad bring geen berusting vir hom nie. En die prys wat hy moet betaal, is sy eie vryheid en*

belowende toekoms in die regte. Hy moet selfs sy eie identiteit verruil vir dié van die fiksionele Piet Nicaud.
- *Die gesegde lui dat "All is fair in love and war", maar vir Andries word die geweld wat teenoor hom en sy gesin gepleeg is gedurende die SA Oorlog aanvanklik die rede vir sy wraak en 'n ander oorlog die middel tot sy doel. Iewers tussenin ly regte mense, maak nie saak aan wie se kant jy is nie. Daar is geen regverdiging vir geweld in hierdie roman te bespeur nie.*

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit of Andries se **wraak teenoor Kitchener** regverdigbaar is deur die **geweld wat hy ervaar het**.

Voorbeeld gevolgtrekking:
Geweld en die lyding wat daarmee gepaard gaan, is die fundamentele beweegrede tot Andries se wraak en vergeldingsplan wat hy later in sy lewe tot uitvoering kan bring. Die hoogs persoonlike ervaring word aangevuur deur Duquesne, sy oorlogsdokumente en sy gesprekke met sy onthougoed, maar gekompliseer deur sy verhoudings, veral met ander vroue. Waar die Suid-Afrikaanse Oorlog diepe simpatie by (veral die Afrikaanse) leser ontketen, word hierdie simpatie met die slagoffers van geweld opsy geskuif deur die ouer Andries. Dit word 'n voertuig in sy doel om die verlede op Kitchener te wreek. Soos sy sielestryd intensiveer, word dit egter 'n onmoontlike wraak wat alles waarvoor hy lief geword het, op die spel plaas. Die doel heilig nie die middele nie. Die prys is te hoog. Uiteindelik wil dit in hierdie roman voorkom asof geweld alleenlik meer lyding tot gevolg het.

[30]

VRAAG 5 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman <u>Die Dag van die Lord</u>* [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*

Formuleer onderwerp: ... *skep die parallelle vertelling van die historiese verlede in die Suid-Afrikaanse Oorlog asook die historiese hede van die Eerste Wêreldoorlog inderdaad spanning in die uitspeel van Andries Fourie se wraak op Lord Kitchener. Die roman begin waar Andries vir Frits Duquesne (sy samesweerder) ontmoet en soos hierdie plan vorm aanneem en Andries nader aan sy doelwit beweeg, word die verlede en die motivering vir sy wraak in afwisselende hoofstukke chronologies vertel by monde van 'n tienjarige Andries wat die afgryse van die SA Oorlog aan eie lyf beleef. Andries se "Oorlogsdokumente"(vervat as afsonderlike insetsels tussen hoofstukke) dien as verdere bewys van die onregte wat gepleeg is. Sodoende word die leser stadig maar seker ingelig en verweef in sy oortuiging om Kitchener te vermoor. Terselfdertyd werk die historiese hede en sy ontmoetings met veral Tante Johanna en Jennifer as teenmiddel vir sy wraak en word die leser (net soos Andries) gekonfronteer met afwisselende emosies soos wat die parallelle vertellings Andries se sielestryd verbeeld.*
- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- *Die parallelle romanstruktuur word aan lesers aangebied as afwisselende hoofstukke tussen die historiese hede en die historiese verlede. Lesers word gerig deur die datum en plek wat die spronge in tyd en ruimte in elke hoofstuk aantoon. Die spanning in die roman word geskep deur die uitspeel van die komplot teen Lord Kitchener wat gevoed en regverdig word deur die binnevertelling van Andries Fourie se ervaringe as onskuldige jong seun.*
- *Die historiese hede (tydens die aanloop en gedurende die Eerste Wêreldoorlog) verskaf 'n raamvertelling wat soos 'n spanningsroman verloop. Andries Fourie, 'n student in die regte, gebruik sy posisie om in Duitsland te gaan studeer waar hy die Boerespioen, Frits Duquesne, ontmoet en hulle 'n komplot smee om Kitchener te laat boet vir sy Verskroeideaardebeleid en die lyding van vroue en kinders in die konsentrasiekampe. Andries hou nie van Duquesne nie, maar sien hom as noodsaaklike bondgenoot om sy planne tot uitvoer te bring. Nadat hy as pupil by die Middle Temple in Londen aanvaar word, sluit hy na die uitbreek van die oorlog by die Britse magte aan en gaan werk as possensor in Whitehall om naby aan Kitchener te kom en sodoende sy uiteindelike doel te bereik om die verlede op Lord Kitchener te wreek.*
- *In afwisselende hoofstukke word sy ervaringe as 'n jong seun gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog chronologies vertel. Die eerste hoofstuk in die historiese verlede speel af waar hy en sy vriend Sollie babers vang in die spruit en teken 'n sorgelose jeug selfs al het die SA Oorlog reeds uitgebreek en is sy pa op kommando as herder vir die Boerekrygers. Dit beskryf hulle gesin se vlug na die Steenkoolspruit waartydens hulle moet toekyk hoe die dorp en, meer persoonlik nog, die kerk en die pastorie afgebrand word. Sy kleinboetie, Servasie, word, terwyl hy op Andries se rug vlug van die soldate se skote, geskiet en hulle word saam met Tante Marie en haar gesin na die Standerton-konsentrasiekamp geneem waar eers sy sussie en dan sy ma omkom a.g.v. die haglike toestande in die kampe. Sy pa is intussen krygsgevangene geneem. As "weeskind" word hy na die Irene-kamp verskuif waar hy kan skoolgaan en vir Johanna van Warmelo ontmoet. Dit is ook hier waar die laaste van Andries se historiese verlede as afsonderlike hoofstukke vertel word.*
- *Andries se terugkeer na Yzervarkfontein waar hy ingeneem word deur die Erasmusse asook sy terugkeer na die puin van die pastorie word vertel binne die "raamvertelling". Belangrik veral is die wraak wat hy sweer tydens sy slingervelgooiery na die klipmens (Kitchener) tydens skoolvakansies.*
- *Hierdie afwisseling in hoofstukke word onderbreek met kort insetsels van "Andries Fourie se Oorlogsdokumente". Hierdie dokumente bevat koerantknipsels en ander offisiële inligting waardeur die leser bewus gehou word van die werklike geskiedenis wat hier vertel word. Andries se persoonlike ervarings word dus bekragtig en verproblematiseer aangesien dit ook die valse inligting wat aan die Engelse publiek verkoop is, vervat.*
- *Enkele hoofstukke fokaliseer op Fritz Duquesne waardeur hierdie karakter se doen en late voor en tydens die komplot vertel word. Die leser word hierdeur bewus gehou van die groter prentjie waarbinne Andries as pion gebruik word om Duquesne en sy Duitse trawante se planne te laat slaag.*
- *Wanneer Andries se historiese verlede gedurende die SA Oorlog self klaar vertel is, word die res van die roman gewy aan die uitspeel van die komplot op Kitchener*

gedurende die historiese hede. Net soos wat Andries sy traumatiese verlede aan Jennifer Cameron verswyg, word daar interessant genoeg ook nie verdere afsonderlike hoofstukke aan hierdie tyd van sy lewe toegestaan nie.

- *Hoewel Andries nooit werklik van sy planne afstand doen nie, is die historiese hede wel stelselmatig besig om sy oortuiging te problematiseer. As hy Tante Johanna in Keulen ontmoet, probeer sy hom oortuig dat liefde die enigste gevraagde respons teenoor die onregpleger is. Die prediker in die vrede van St. Martin se kerk bepleit vergiffenis en later dring Jennifer ook daarop aan dat selfvergiffenis die eerste stap na heling is. Die feit dat hy vriende maak met Britse onderdane en op 'n Skotse meisie verlief raak, maak dinge selfs moeiliker in sy gemoed. Sodoende word die uitspeel van die wraak op Kitchener eintlik 'n narratiewe meganisme in die ondersoek na, enersyds, die hoogs menslike drang na vergelding vir diepe onreg en, andersyds, heling, vergiffenis en liefde.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dít wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Kandidate moet oortuigend tot 'n slotsom kom of die teks hulle sodanig geraak het dat hulle anders dink, leef en andere kan laat leef.

Voorbeeld gevolgtrekking:

As Andries Fourie (as Piet Nicaud) in die heel laaste hoofstuk terugkeer na Pretoria om Tante Johanna in 1943 op te soek, is dit weer tydens 'n oorlog (nl. die Tweede Wêreldoorlog). Hierdie enkele hoofstuk dien as 'n korrektief op die verspeelde jare wat Andries as vlugteling moes deurbring a.g.v. sy aandeel aan die komplot teen Kitchener. Duquesne is in 1942 gevange geneem en gevonnis tot 18 jaar gevangenisstraf vir sy spioenasie vir Nazi-Duitsland (dieselfde land wat aan hom die Ysterkruis vir dapperheid toegeken het) en Andries kan dit waag om na sy geboorteland terug te keer. Andries weet uiteindelik "Die gróót onreg is onvergeldbaar ... Dis ingeskape in die ondermaanse." Hierin word die leser daaraan herinner dat daar ook in hierdie oorlog die potensiaal bestaan dat menselewens verwoes gaan word en dat daar leeftye opgeoffer word aan vergelding. Nietemin is Jenny (en nou ook sy twee seuns) steeds aan sy sy. Die liefde is al oplossing en eers nou voel Andries uiteindelik weer die waai van die wind teen sy wang.

[30]


IEB Copyright © 2022

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – BRIEF AAN DIE PERS (E-POS)

Nasienriglyne by die Brief aan die Pers:

Inhoud: Oortuig lesers om verantwoordelike wêreldburgers te wees aan die hand van ten minste drie brandpunte uit teks.
Styl: Formeel en oortuigend
Toon: Emotief / sarkasties / … volgens inhoud
Formaat: Formele briefformaat as e-pos, bv.



[20]

BEANTWOORD VRAAG 7 of VRAAG 8

VRAAG 7 KLAGTEBRIEF (KEUSEVRAAG)

Inhoud: Volgens opdrag, nl. die **klagtebrief** wat Lilly Vigus aan die vervaardiger van die sonbrandroom skryf.

Doel: Om die vervaardiger te oortuig om Lilly te vergoed vir die fisiese ongerief en moontlike verdere uitgawes wat die gebruik van die produk tot gevolg gehad het. Dit kan ook onder meer insluit dat hulle die produksie van dié sonbrandroom moet staak en produkte van rakke wêreldwyd moet verwyder.

Toon en styl: formeel, ferm en ernstig dog respekterend

Formaat: e-pos (sien vorige bladsy)

Let daarop dat die inhoud van die **klagtebrief** drie afsonderlike dele het:

- 'n **Inleiding** wat die onderwerp van die klagte duidelik identifiseer.
- 'n **Liggaam** wat (a) die aard van die klagte duidelik en spesifiek verduidelik, en (b) die leser voorsien van al die inligting wat benodig word om 'n gepaste antwoord te gee.
- 'n **Slotsom** wat duidelik aandui watter aksies nodig is om die probleem reg te stel.

[20]

OF

VRAAG 8 RESENSIE (KEUSEVRAAG)

Inhoud: Produkresensie – Basiese inligting (plaas jouself in die skoene van jou lesers – wat MOET hulle weet?) Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom?

DRIE produkte moet geresenseer word waarvan een *St. Moriz*-sonbrandroom is. Kriteria waaraan rome gemeet word, moet bepaal word.

Styl: Bepaal volgens vraag, publikasie en inhoud – dus ernstig en informatief.

Toon: Bepaal volgens teikenlesers – hier lesers van *Huisgenoot*.

> 'n Gebruikersresensie verwys na 'n resensie wat deur 'n gebruiker of verbruiker geskryf is vir 'n produk of diens wat gebaseer is op sy ondervinding as gebruiker van die bepaalde produk. Gewoonlik is die resensies vir verbruikers in die vorm van verskeie stellings vergesel van 'n numeriese gradering vir die produk. Hierdie gradering is nuttig vir die voornemende koper om te besluit wat om te koop.
>
> 'n Verbruikersresensie van 'n produk verskaf gewoonlik inligting oor hoe goed die produk voldoen aan verwagtinge gebaseer op die spesifikasies wat deur die vervaardiger of verkoper verskaf word. Dit verskaf inligting oor prestasie, betroubaarheid, kwaliteit gebreke, indien enige, en waarde vir geld.
>
> Verbruikersresensies, wat ook "mondelingse mededeling" en "gebruikersgegenereerde inhoud" genoem word, verskil van 'n bemarkingsgegenereerde resensie in die evaluering vanuit verbruikers- of gebruikersperspektief. Dikwels sluit dit vergelykende evaluerings in van mededingende produkte. Waarnemings kan feitelik sowel as subjektief wees.
>
> Verbruikersresensies van verkopers lewer gewoonlik kommentaar op dienslewering, betroubaarheid en eerbaarheid van die verkoper. Gewoonlik lewer dit kommentaar op faktore soos tydigheid van aflewering, verpakking en korrektheid van gelewerde items, verskepingskoste, terugstuur van goedere wat nie aan vereistes voldoen nie, ensovoorts.

[<https://af.wikipedia.org/wiki/Resensie>]

[20]

IEB Copyright © 2022

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal



Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	**JA!!! ALMAL MOET DIT LEES!** 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. **FANTASTIES!/UITSTAANDE!**	90–100% 18–20
	Inleiding: *skep grootse verwagtinge + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½*	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	**JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU!** Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. **WAARDIG/BAIE GOED**	80–89% 16–17½
	Inleiding: *skep afwagting + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: baie interessant en goed geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *toon dieper insig + ½*	
6	**JA! EK STEM SAAM!** Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. **VERDIENSTELIK/GOED**	70–79% 14–15½
	Inleiding: *skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke + ½*	
5	**JA.** Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. **GEWOON/TOON SUBSTANSIE**	60–69% 12–13½
	Inleiding: *kandidaat neem standpunt in + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: ondersteun standpunt + ½* ***Gevolgtrekking:*** *noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½*	
4	**JA ... WAT.** Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. **GANGBAAR**	50–59% 10–11½
	Inleiding: *vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: raakpunte met standpunt aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½*	
3	**MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE...** Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. **ONDERGEMIDDELD**	40–49% 8–9½
	Inleiding: *verwys wel na vraag + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½*	
2	**TELEURSTELLEND** Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. **ELEMENTÊR**	30–39% 6–7½
	Inleiding: *vraagwoorde genoem + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½* ***Gevolgtrekking:*** *daar is 'n waarneembare einde + ½*	
1	**NEE!** Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. **ONGESLAAGD**	15–29% 3½–5½
	Inleiding: *waarneembaar + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar + ½* ***Gevolgtrekking:*** *waarneembaar + ½*	

IEB Copyright © 2022

DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR: *BETOGEND***	**7** Taalbeheer uitstekend Woordeskat helder en gesofistikeerd Lengte perfek Byna foutloos	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe Uitdrukkings-volle woordeskat Lengte gepas Netelige taalfoutjies	5 Goeie sins-konstruksie Goeie woordeskat Lengte gepas Min taalfoute	**4** Sinskonstruk-sie redelik Woordeskat geskik Lengte kan pla Taalfoute begin betekenis beïnvloed	**3** Teenstrydige skryfwerk Woordeskat voorspelbaar of vol clichés Lengte pla Taalfoute pla	**2** Meestal onsinnig Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief Lengte vereiste is geïgnoreer Herhaaldelike taalfoute	1 Geheel en al onsinnig Onverstaan-baar Lengte vereiste is heeltemal geïgnoreer Verwronge idioom
A+ Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	***90–100%*** 9–10	9½	9				
A Betogende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	***80–89%*** 8½–9	8	7½				
B Betogende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	***70–79%*** 7½	7	6½			
C Betogend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	***60–69%*** 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	***50–59%*** 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	***40–49%*** 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	***30–39%*** 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	***0–29%*** 0–2½
ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							

IEB Copyright © 2022

TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR: *BEREDENERENDE***	**7** Taalbeheer uitstekend Woordeskat helder en gesofistikeerd Lengte perfek Byna foutloos	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe Goeie woordeskat Lengte gepas Netelige taalfoutjies	**5** Goeie sins-konstruksie Gepaste woordeskat Lengte gepas Min taalfoute	**4** Sinskonstruk-sie redelik Woordeskat geskik Lengte kan pla Taalfoute begin betekenis beïnvloed	**3** Teenstrydige skryfwerk Woordeskat voorspelbaar of vol clichés Lengte pla Taalfoute pla	**2** Meestal onsinnig Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief Lengtevereistes is geïgnoreer Herhaaldelike taalfoute	**1** Geheel en al onsinnig Onverstaan-baar Lengte is heeltemal geïgnoreer Verwronge idioom
A+ Beredenerende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	***90–100%*** 9–10	9½	9				
A Beredenerende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	***80–89%*** 8½–9	8	7½				
B Beredenerende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	***70–79%*** 7½	7	6½			
C Beredenerend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	***60–69%*** 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	***50–59%*** 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	***40–49%*** 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	***30–39%*** 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	***0–29%*** 0–2½

IEB Copyright © 2022

Transaksionele skryfwerk NASIENMATRIKS

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + Styl, taal en formaat = 10)

VLAK EN PUNT		TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10		**Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees en pittige detail is uitstekend integreer.
Vlak 7 Baie goed 8–9		**Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Interessante idees en detail dra by tot sukses van skryfstuk.
Vlak 6 Goed 7–7,5		**Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant en volledig. **Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 Verdienstelik 6–6,5		**Inhoud** bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 Gangbaar 5–5,5		**Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5		**Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos. **Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**. Afgesaag.
Vlak 2 Elementêr 3–3,5		**Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. **Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van opdragvereistes.
Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5		**Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

IEB Copyright © 2022

TRANSAKSIONEEL: STYL, FORMAAT, TAALGEBRUIK, WOORDESKAT en REGISTER (10) →								
	Styl uiters gepas, selfs innoverend. Formaat absoluut korrek. Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gekies volgens opdrag.	Styl deurgaans gepas. Formaat korrek. Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register baie goed gekies volgens opdrag.	Styl gepas volgens opdrag. Formaat hoofsaaklik korrek. Taalkonvensies goed gebruik. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Register en woordeskat goed hoewel enkele foute voorkom.	Styl toon begrip vir opdrag. Formaat meestal korrek. Taalkonvensies en sinsbou toon soms foute. Register en woordeskat toon foute, maar genoegsaam vir 'n gemiddelde respons.	Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie. Formaat toon steurende leemtes. Taal en sinsbou toon lastige foute (begin betekenis beïnvloed). Register en woordeskat gewoon en algemeen. Heelwat foute.	Styl en toon dikwels foutief. Formaat toon baie foute en/of meestal onvanpas. Taal-, spel- en sinsbou swak. Register en woordeskat dikwels onvanpas.	Styl en toon onvanpas. Formaat onvanpas. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Ongeslaagd.	Styl en toon het geen verband met inhoud nie. Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal- en/of register-konvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	**Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10**	**Vlak 7 Uitstekend 8–9**	**Vlak 6 Baie goed 7–7,5**	**Vlak 5 Goed 6–6,5**	**Vlak 4 Gangbaar 5–5,5**	**Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5**	**Vlak 2 Elementêr 3–3,5**	**Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5**

Lengte: 250 woorde (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + Styl, taal en formaat = 10)

IEB Copyright © 2022